

19 Oktober

Numeri 20:1 -13

(Teks: 20:9-11)

Moses se sonde

Die Israeliete is weer by Kades waar hulle 39 jaar gelede geweier het om Kanaän in te gaan. Hoe lyk hierdie nuwe geslag? Minder opstandig, meer gehoorsaam? Allesbehalwe! As daar geen drinkwater is nie, maak hulle heftig rusie met Moses. Maar weer eens is die Here bereid om te help. Moses moet die kerie vat en in teenwoordigheid van die volk met die rots *praat*. Dan sal daar genoeg water wees.

Met die kerie in sy hand gaan Moses by die rots staan. Maar as hy hierdie opstandige klomp mense voor hom sien, dan praat hy *nie met die rots nie maar met die volk*: "Luister, julle wat julle teen die Here verset! Luister! Moet ons vir julle water uit hierdie rots laat kom?" Maar woorde is nie genoeg nie. En daarom *slaan* hy die rots twee keer, soos hy die volk sou wou slaan.

Moses se sonde was ongehoorsaamheid. Die Here het nie gesê dat hy die volk moet vermaan nie. Omdat die volk hom so verbitterd gemaak het, het hy onbesonne dinge gesê (Ps. 106:33). En daarom het hy in sy drif nie aan die Here die eer van die wonder gegee nie, maar aan homself!

Die sonde van Moses om nie te praat nie maar in woede te slaan, is in dié tyd, waarin ons leef, 'n groot versoeking. En daarom waarsku die Heilige gees ons in Efesiërs 4:31 om nooit verbitter of woedend te word nie, maar om mekaar te vergewe "soos God julle ook in Christus vergewe het".

Sing Psalm 95:4 en 5

Dr. C.J. Malan (Emeritus)